Tel. 086 133 3786
Faks 012 001 8787
E-pos: akademie@akademie.co.za
Webwerf: www.akademie.co.za

Ziervogelstraat 574
Arcadia, Pretoria

Stigtingsjaar 1909

SA AKADEMIEPRYSE 2021

Aan alle belangstellendes

Graag vestig ons u aandag op die Akademiepryse wat in 2021 vir toekenning oorweeg word. Volledig gemotiveerde nominasies vir enigeen van hierdie pryse word ingewag. Die volgende geld ten opsigte van die nominasies:

Nominasies moet verkieslik in Afrikaans wees en moet deur ’n voorsteller en ’n sekondant onderteken wees.

Die nominasie moet duidelik motiveer waarom die bepaalde kandidaat/instansie vir die bepaalde bekroning voorgestel word. Daar moet ook duidelik aangetoon word watter spesifieke publikasies/bydraes as bekroningswaardig beskou word.

Die nominasie moet gesteun word deur die nuutste curriculum vitae en publikasielys van die kandidaat, indien van toepassing.

Die grootste mate van vertroulikheid moet gehandhaaf word. Onder *geen* omstandighede mag die kandidaat bewus wees dat hy/sy vir ’n prys genomineer word nie. Daar mag geen verwagtinge by potensiële kandidate geskep word wat vir die betrokke kandidaat en vir die SA Akademie groot verleentheid kan veroorsaak nie.

By die toekenning van pryse is die Akademieraad se besluit finaal. In die geval van ’n nominasie wat nie suksesvol was nie, sal *geen* korrespondensie of gesprekke ná die toekenning gevoer word nie.

Nominasies moet elektronies of per koerier ingedien word by die volgende e-posadres: linda@akademie.co.za OF
SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, Vir aandag: dr. Linda Brink, Ziervogelstraat 574, Arcadia, Pretoria, 0083.

Reglemente vir die onderskeie pryse is op aanvraag beskikbaar.

Die finale sluitingsdatum vir voorstelle is **31 Januarie 2021**, behalwe waar anders vermeld.

GEESTESWETENSKAPPE

1. Stalsprys

Die Stalsprys vir Geesteswetenskappe word jaarliks toegeken vir 'n hoogstaande publikasie of 'n reeks van hoogstaande publikasies, by voorkeur, maar nie uitsluitlik nie, in Afrikaans. Verder word dit toegeken vir individuele of gesamentlike wetenskapsbeoefening en/of die lewering van individuele of gesamentlike produkte van hoogstaande gehalte waardeur buitengewone bydraes tot die wetenskapsbeoefening gemaak word. Spanprestasie of bydrae tot spanprestasie, multi- en interdissiplinêre navorsing, goeie implementerings- of evalueringsnavorsing kan ook in berekening gebring word. Werk wat voor die bekroningsjaar gelewer is, sal vir die bekroning in aanmerking geneem word. Die volgende vakgebiede kom in 2021 aan die beurt:

(i) Stalsprys vir kunstewetenskappe; kunstegeskiedenis.
(ii) Stalsprys vir multi- en interdissiplinêre spanwerk.
(iii) Stalsprys vir kommunikasiekunde en joernalistiek; biblioteek- en inligtingkunde.
(iv) Stalsprys vir sielkunde.

2. Markus Viljoenmedalje vir joernalistieke prestasie

Die prys word toegeken vir langdurige hoogstaande werk in die Afrikaanse joernalistiek, hetsy in koerante of tydskrifte. Die medalje is elke drie jaar vir toekenning beskikbaar. Die medalje word slegs eenmalig aan 'n persoon toegeken.

3. Toon van den Heeverprys vir Regswetenskap

Die prys word toegeken vir:

(i) oorspronklike regskundige werke in Afrikaans en/of
(ii) vollengte artikels of 'n artikel van hoogstaande gehalte in Afrikaans wat in geakkrediteerde regstydskrifte verskyn het en/of
(iii) baanbreker-regsuitsprake in Afrikaans.

4. C.J. Langenhovenprys vir taalwetenskap

Die prys word al om die drie jaar aan ’n persoon of instansie toegeken vir werk wat oor en/of (by voorkeur) in Afrikaans op taalwetenskaplike en/of taalgebruikskundige terrein gedoen is, met inbegrip van die teoretiese, toegepaste en beskrywende taalkunde. Die tydperk waarin die werk verrig is, kan strek vanaf ’n periode van een jaar (maar by voorkeur meer as een jaar), tot lewenslange werk.

5. Hugenote-Vereniging-en-D.F. du Toit-Malherbeprys vir Genealogiese Navorsing

Die prys kan elke drie jaar toegeken word vir 'n hoogstaande publikasie of reeks hoogstaande publikasies in Afrikaans op die gebied van die genealogie wat voor die begin van die bekroningsjaar verskyn het. Die publikasie(s) moet bewys lewer van oorspronklike navorsing. 'n Eksemplaar van die kandidaat se werk wat genomineer word, moet die nominasie vergesel.

6. Erepenning vir wetenskaplike vakbevordering

Die erepenning word toegeken vir die bevordering en ontwikkeling van 'n spesifieke vakgebied op enige terrein van die onderwys (vanaf vroeë-kind-onderwysvlak tot tersiêre onderwysvlak). Die erepenning kan net in uitsonderlike gevalle toegeken word. Geesteswetenskaplikes of natuurwetenskaplikes wat presteer het op die gebied van die onderwys kom in aanmerking.

7. Christo Wiesemedalje vir 'n opkomende entrepreneur

Die medalje word toegeken aan 'n kandidaat vir werk van hoogstaande gehalte.
Die volgende oorwegings geld by die keuse van 'n kandidaat:

(i) Slegs Suid-Afrikaanse burgers wat in die toekenningsjaar 45 jaar en jonger is, kan in aanmerking kom vir toekenning van die medalje.
(ii) Die medalje word toegeken aan sakemanne of -vroue wat besondere struikelblokke moes oorkom om sukses te behaal.

(iii) Persone wat die medalje ontvang, moes 'n besondere gehalte van ondernemerskap, visie en volharding aan die dag gelê het op grond waarvan hulle as private ondernemers sukses behaal het in
- die vestiging/opbou van 'n plaaslike onderneming(s);
- die ontwikkeling/bemarking van 'n produk of produkte; en

- die skepping van werkgeleenthede en welvaart.

Die prys word toegeken vir prestasies wat behaal is, maar word ook as 'n aanmoedigingsprys beskou en kan slegs eenmalig aan 'n persoon toegeken word.

8. Protea Boekhuistoekenning
Die prys kan jaarliks om die beurt toegeken word vir die beste Afrikaanse verhandeling, proefskrif of gepubliseerde werk in geskiedenis of kultuurgeskiedenis. In 2021 kan die prys toegeken word vir 'n D-proefskrif. Kandidate wat in 2018, 2019 of 2020 'n graad ontvang het, kom in aanmerking.
Sluitingsdatum vir nominasies: 15 Januarie 2021

9. Esther Greeffprys
Die prys word jaarliks toegeken. Die beste artikel wat in 2019 in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* gepubliseer is, kom in aanmerking.

A. NATUURWETENSKAP EN TEGNOLOGIE

10. M.T. Steynmedalje vir natuurwetenskaplike en tegnologiese prestasie
Dit is een van die voortreflikste eerbewyse van die Akademie vir leierskap op die hoogste vlak op die gebied van die natuurwetenskap en die tegnologie. Die prys span die kroon op 'n lewenstaak en kan net eenmalig aan 'n persoon toegeken word. Die kandidaat se skeppende bydraes tot die ontginning, organisasie en volgehoue uitbouing van 'n vertakking of vertakkings van die natuurwetenskap of die tegnologie en wat as 'n wesenlike en belangrike bydrae tot die bevordering van die natuurwetenskap of die tegnologie beskou kan word, en die suksesvolle toepassing daarvan in landsbelang dien as maatstaf vir die toekenning.

11. Havengaprys
Die Havengaprys word jaarliks toegeken vir oorspronklike navorsing op natuurwetenskaplike en/of tegnologiese gebied. Die vereistes by die beoordeling van kandidate is eerstens die bydrae tot navorsingspublikasies en tweedens bewys van die bevordering van Afrikaans. Ander prestasies in belang van die wetenskap sal ook in aanmerking geneem word. Die prys kan net een maal aan 'n bepaalde persoon toegeken word. In 2021 kom die volgende vakgebied aan die beurt:

Havengaprys vir Gesondheidswetenskappe (Geneeskunde, Tandheelkunde, ens.)

12. FARMOVS-prys vir farmakologie en geneesmiddelontwikkeling
Die prys word driejaarliks toegeken vir voortreflike bydraes tot 'n vertakking of vertakkings van farmakologie en geneesmiddelontwikkeling. Net een kandidaat kan op 'n keer bekroon word.

13. Erepenning van die Fakulteit Natuurwetenskap en Tegnologie
Hierdie erepenning word toegeken op die terreine wat nie reeds ondervang is deur ander bekroningsgebiede binne die fakulteit nie, waarin enige persoon, binne die doelstellings van die Akademie, as bekroningswaardig beskou word. Dit word toegeken vir prestasies en bydraes ten opsigte van die bevordering en ontwikkeling van die besondere vakgebiede en kan net in uitsonderlike gevalle toegeken word.

14. Erepenning vir wetenskaplike vakbevordering
Die erepenning word toegeken vir die bevordering en ontwikkeling van 'n spesifieke vakgebied op enige terrein van die onderwys (vanaf vroeë-kind-onderwysvlak tot tersiêre onderwysvlak). Die Erepenning kan net in uitsonderlike gevalle toegeken word. Geesteswetenskaplikes of natuurwetenskaplikes wat presteer het op die gebied van die onderwys kom in aanmerking.

15. Junior Kaptein Scott-gedenkmedalje vir plantkundige wetenskappe
Die medalje kan jaarliks toegeken word vir die beste verhandeling ingedien by 'n Suid-Afrikaanse universiteit vir die M.Sc.-graad om die beurt in die dierkundige of plantkundige wetenskappe. In 2021 kom plantkundige wetenskappe aan die beurt.

16. Douw Greeffprys
Die prys word toegeken vir die beste navorsings- of oorsigartikel wat in die *SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* in die voorafgaande jaar verskyn het.

B. DIE KUNSTE

17. Hertzogprys vir drama
Die prys word afwisselend vir drama, poësie en prosa toegeken. Alle gepubliseerde dramawerke van hoogstaande gehalte wat verskyn het in die drie kalenderjare wat die bekroning voorafgaan, kom vir dié toekenning in aanmerking.

18. Eugène Maraisprys
Die Eugène Maraisprys word toegeken vir 'n eerste of vroeë bellettristiese publikasie in Afrikaans. Die prys is jaarliks beskikbaar en kan net eenmalig aan 'n bepaalde skrywer toegeken word.

19. Tienie Hollowaymedalje vir kleuterliteratuur
Die medalje is driejaarliks beskikbaar en word toegeken aan 'n skrywer wat gedurende 'n tydperk deur die Akademieraad bepaal, die beste werk van 'n bevredigende gehalte in Afrikaans gelewer het in die genre van kleuterliteratuur. Die kategorie kleuterliteratuur sluit boeke in vir kinders onder agt jaar, maar dié omskrywing word nie op 'n te beperkende wyse toegepas nie.

20. Elsabe Steenbergprys vir vertaalde kinder- en jeugliteratuur in Afrikaans
Die prys kan driejaarliks toegeken word vir vertaalde kleuter- en kinderliteratuur in Afrikaans.

21. Huberte Rupertprys vir klassieke musiek
Die prys is jaarliks beskikbaar. In 2021 kan een persoon in die volgende kategorie bekroon word: Opleiers/onderwysers van klassieke musiek (kundiges, beoordelaars en organiseerders ingesluit).

22. Erepenning vir visuele kunste
Die Akademie se erepenning is bedoel as erkenning, binne die doelstellings van die Akademie, van besondere prestasie op terreine wat nie suiwer letterkundig of wetenskaplik is nie. Die volgende kunsvorme word ingesluit: skilderkuns, beeldhoukuns, argitektuur, weefwerk, keramiek, mosaïek, fotografie, advertensiewese en animasie-rolprente.

23. Erepenning vir Afrikaanse radiohoorbeelde (dokumentêre program)
Die erepenning word twee keer in ‘n siklus van drie jaar toegeken. Dit geskied om die beurt vir Afrikaanse hoorspele (waarby radio-vervolgverhale ingesluit is) en Afrikaanse hoorbeelde. In 2021 kom radiohoorbeelde aan die beurt. Werke wat uitgesaai is deur alle uitsaainetwerke in die drie kalenderjare wat die bekroningsjaar voorafgegaan het, kom in aanmerking.

24. Deleen Bekkerprys vir rolprentdraaiboek in Afrikaans
In 2021 word die prys toegeken vir die beste draaiboek vir 'n rolprent in Afrikaans. Draaiboeke van Afrikaanse rolprente wat in die voorafgaande drie jaar vertoon is, kom in aanmerking, dus 2018, 2019 en 2020.

Vriendelike groete

Linda Brink
Koördineerder: Projekte